Die Heilige Gees

MENS TOT MENS

☺ Vertel van 'n keer wat iemand werklik lelik met jou was oor jou geloof, of kleingeloof of dalk selfs ongeloof.
☺ Hoekom vermy ons graag konflik?
☺ Wat sou dit vir jou makliker gemaak het om oor jou geloof te kon praat?

MENS TOT GOD

Bid vir God se leiding in julle ontmoeting.

GOD TOT MENS

📖 Lees: Hoofdeel: Johannes 15:16-27
Ekstra: Joh 14:16,17,26 + Joh 16:7, 12-15

Inleiding:
Jesus is besig om met sy dissipels te praat oor hoe dinge vir hulle gaan werk na sy hemelvaart. Hy is baie eerlik oor die vervolging en weerstand. Hy sê basies dat Vanderbijlpark met ons gaan maak soos die wêreld met Hom gemaak het. Maar dat Hy die Heilige Gees as Voorspraak na ons sal stuur om ons in en deur hierdie gebeure te lei.

Bespreking:

- Waarvoor het God jou aangestel? (Joh 15:16)
- Wat sê hy spesifiek oor die tipe vrugte wat ons moet dra en hoekom stel Hy dit só?
- Hoekom gaan dit moeilik wees om uit te gaan en vrugte te dra? (v19)
- Watter versekering/bemoediging kry ons uit die feit dat die wêreld en vriende nie opgewonde is as ons vrugte dra nie? (19)
- Wat beteken: "'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Wat sê dit van jou verhouding tot Jesus?
- Jesus sê daar sal altyd een van twee reaksies wees op ons woorde, net soos op sy woorde. Wat is dit?
- Is dit ons skuld as mense negatief reageer?
- Hoekom sal mense so maak? (v21)
- Ons soek dikwels rede agter dinge. Twyfel dan in onsself as dinge skeefloop. Wat sê Jesus oor hoe ons gerus mag dink as jy weerstand kry? (v22-25 – veral 25)
- Wat is 'n 'Voorspraak'? (v16:26 + 14:26)
- Wie is hierdie Voorspraak en wat word Hy spesifiek genoem? Wat maak dit belangrik vir jou getuienis rol?
- Oor wie praat hierdie Voorspraak met jou?
- Oor wie praat ons met ander?
- Wat beteken 'getuig'?
- Wie getuig: die Voorspraak of jy?

MENS TOT MEDEMENS

- ☺ Vertel van ‘n keer wat jy besef dat die Heilige Gees as Voorspraak jou werklik bygestaan het en gelei het in ‘n gesprek.
- ☺ Wat behoort ons te doen as ons besef mense is nou besig om met ons lelik te maak oor ons geloof?
- ☺ Hoe kan jy jouself meer instel om vrug te dra en jouself oop te stel vir die Voorspraak se inspraak in jou lewe.

MENS TOT GOD:

- 🗣 Bid:
  - 🗣 Here, ons bely dat ons vrugte soms min is en ons skrik as mense lelik maak. Soms is hulle vir ons belangriker as U.
  - 🗣 Help ons om moed daaruit te skep dat mense met U ook lelik was
  - 🗣 Help ons om onsself regtig te sien en te verstaan as mense wat aan U behoort, en nie aan die wêreld nie.
  - 🗣 Heilige Gees, getuig asseblief oor Jesus in ons harte sodat ons sterk kan word deur sy liefde en genade te bly sien.
  - 🗣 Help ons om te leer om met U saam te lewe as ons daaglikse Voorspraak in elke situasie. Sodat ons kan getuig.
  - 🗣 Dankie dat ons aan U behoort en U ons wil help.
  - 🗣 Ons loof U dat U ons altyd vashou en geduldig meer en meer vorm en leer.